education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

ONTWERP

MODEL 2007

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

INLEIDING

Soos verduidelik in die *Leerprogramriglyne vir Ontwerp (2007)*, bestaan die 1ste termyn se werk vir Graad 12 uit die volgende kunsstyle:

- Kuns- en Kunsvlytbeweging
- Art Nouveau
- Bauhaus
- Art Deco
- Modernisme
- Pop Skilderkuns
- Post-modernisme

Daarom is daar aanbeveel dat reeds in Graad 11 met hierdie deel van die kurrikulum begin word. Die vraag oor hierdie kategorie in hierdie vraestel kan gesien word as 'n voorbeeld van wat verwag kan word. Daar word aanbeveel dat die eerste vier bewegings in Graad 11 voltooi word, naamlik Kuns-en Kunsvlytbeweging, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco.

VRAAG 1

Assesseringstandaarde:
- Demonstreer kennis van die teorie wat ontwerp ondersteun en die tegnologie wat ontwerp beskryf.
- Bespreek en verduidelik die konteks en doel van die produkte, beelde, tekens en simbole in ontwerp gebruik..

1.1 **Evalueer antwoord op grond van die gebruik van toepaslike ontwerptaal wanneer hul mening gegee word.**
MAKLIK (2)

1.2 'n Fokuspunt is 'n dominante area wat die toeskouer se aandag trek.
Jan van Riebeek en die Buffel. MAKLIK (2)

1.3 Nasionale wapen(skild)
Beelde; kroon; arend; San MAKLIK (2)

1.4 Lyn (1)
Vorm (1)
Tekstuur (1)
Kontras MIDDELMATIG (1)

1.5 Leerders moet die rede vir die verandering van simbole krities bespreek, d.i. die behoefte aan verandering van simbole en die rol van die nuwe simbole in 'n demokratiese land. Antwoorde moet 'n vergelyking van die banknote insluit waarin leerders die toepaslikheid van die simbole gebruik., evalueer, bv.
Jan van Riebeek en die koloniale verlede; die buffel & die 'Groot Vyf' as 'n deel van ons nasionale erfenis; ens. UITDAGEND (4)

1.6 Tipografie:
- Letterbeeld – inkgedeelte van setsel/letter
- Style – bv. Times New Roman; Arial, ens.
- Skreef & skreefloos
- Grieks – verwys na 'om 'n afdruk te maak' en na 'skryf';
- Alfabet – 2000 vC in die Oostelike Middelandse See;
- Gutenberg & drukwerk; 1450 nC
- Ander?
- Puntstelsel (VK & SA); Pikastelsel (VSA)
  - grootte & spasie bv.. Arial 12
- Bokas = hoofletters; onderkas = kleinletters; MIDDELMATIG (6)

VRAAG 1 TOTAAL [20]

VRAAG 1	
MAKLIK	6
MIDDELMATIG	10
UITDAGEND	4
TOTAAL	**20**

VRAAG 2 **[30]**

2.1 INTERNASIONALE ONTWERPGESKIEDENIS
(19DE EN VROEË 20STE EEU – EUROPA & AMERIKA)
KUNS-EN KUNSVLYTBEWEGING; ART NOUVEAU; BAUHAUS;
ART DECO; [15]

Assesseringstandaarde:
- Ondersoek, dink na oor en interpreteer inligting van 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat die ontwikkeling van ontwerp, insluitende Afrika- en Suid-Afrikaanse ontwerp, in die verlede en tans vorm.
(LW: Moet met Internasionaal in Graad 11 begin of anders sal daar te veel werk wees om in Graad 12 te doen.
- Ass. 1.4. Ontleed/Analiseer en interpreteer voorbeelde en bring dit in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekse.

2.1.1 MEMO:
'n 'Empatie'-vraag – gee krediet vir begrip van die verskriklike toestande van daardie tyd.

Ken 6 punte toe vir beredeneerde bespreking.

LW: Onthou Dickens!
• Geen vakbonde – 12-uur-werksdae – 6-dag-week
• Kinderarbeid
• Geen veiligheidswetgewing nie. – besoedeling en beroeps-ongelukke
• Een werker verantwoordelik vir een aspek van die meubelstuk, bv. maak slegs die rugleuning
• 'Lewelose masjiengeprodiseerde voorwerpe'
• ‘Geestelike vakuum’ – siellose masjiengemaakte artikels
• Baie ryk fabriekseienaars en baie arm arbeiders –selfs geskoolde werkers
• Baie skrywers baie bekommerd oor die maatskaplike toestande (bv. Ruskin & Dickens)
• Ontwerphervorming was nodig om die 'samelewing te verlos en te verbeter' mbt die voorwerpe wat gebruik sou word
MAKLIKE APTYTWEKKER (6)

2.1.2 a) A – Kuns-en Kunsvlytbeweging – B - Art Nouveau;
C – Art Deco;

MAKLIK (3)

Ken punte toe uit die moontlikhede hieronder.

b) Daar sal ander moontlike antwoorde wees afhangende van hoe hierdie afdeling onderrig is.
Sommige van die kenmerke van die bewegings is:
A – landelik/rustiek; ware tot natuurlike materiale; lyk baie 'handgemaak' (tradisioneel – Middeleeus/Jakobeaans)
B – rugleuning en –pote gebaseer op eksentriese kurwes (van ellipsis nie sirkels nie) – baie flambojant en swierig
C – baie geometries (driehoeke & vierkante); 'masjien-esteties'; redelik minimaal; (7)

MIDDELMATIG [15]

2.1.3. Die leerder moet sy/haar vakgebied/-spesialiteit identifiseer en dit met sommige van die volgende maatskaplike aangeleenthede in verband bring:
Ken 4 punte toe vir 'n verstaanbare bespreking.
• opleiding van andere – bemagtiging & werkskepping – verligting van armoede & werkloosheid – anders as Victoriaanse tye
• onafhanklikheid van 'eienaars' – kan eie loopbaan skep – anders as Victoriaanse tye
• betrokkendheid by alle aspekte van die ontwerpproses – anders as Victoriaanse tye
• bewustheid veiligheid & omgewingsaspekte – miskien rakende hersirkulering – anders as Victoriaanse tye
• ander moontlikhede– gee krediet as verdien

UITDAGEND (4)

2.2 GESKIEDENIS VAN ONTWERP – SUID-AFRIKAANS EN PAN-AFRIKAANS [15]

Assesseringstandaarde:
- Ondersoek, dink na oor en interpreteer inligting van 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat die ontwikkeling van ontwerp, insluitende Afrika- en Suid-Afrikaanse ontwerp, in die verlede en tans vorm.
- Ontleed/Analiseer en interpreteer voorbeelde en bring dit in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekse.

NOTA AAN DIE OPVOEDER:
Tydens die onderrig van Inheemse Kennisstelsels sou jy van die volgende areas met jou Graad 11-leerders gedek het::
• Die geskiedenis en ontwikkeling van metaalwerk In Afrika
- (Liggaamsversiering &/of juweliersware &/of wapentuig)
• Die geskiedenis en ontwikkeling van houtsnywerk in Afrika (vir funksionele &/of rituele doel)
• Die geskiedenis en ontwikkeling van kralewerk in Afrika
• Die geskiedenis en ontwikkeling van keramiek in Afrika
• Die geskiedenis en ontwikkeling van tekstiele in Afrika
• Die geskiedenis en ontwikkeling van mandjiebinding in Afrika
• Die geskiedenis en ontwikkeling van argitektuur in Afrika
• Enige ander area wat nie hierbo genoem is nie?
Die antwoord sal afhang van die area deur die leerders gedek.
In die algemeen behoort die leerder ongeveer 2 bladsye vir 20 punte te skryf.

Bronne vir hierdie vraag is die Woolworths Resource Pack en *Craft Art in South Africa* deur Elbe Coetzee. Indien enige ander areas gedek is, is dit die verantwoordelikheid van die opvoeder om hierdie aantekeninge aan die nasiensentrum te stuur.

Ken 10 punte per dissipline toe.
d.i. 10 punte vir Deel 1; en10 punte vir Deel 2

'n Maksimum van 2 punte vir kunstenaars en 2 punte vir kunswerke genoem (om die maak van lyste te voorkom). Antwoorde moet ook verwys na: invloede, style, kenmerke, en in-dieptebesprekings van een of meer werke om stellings te staaf.

• Identifiseer die voorbeelde deur aanvaarde name en beskryf hulle, bv. keramiek-ukhamba (bolvormige pot – kleur swart)
- 'n uphiso (met 'n nek)
• Die naam van die oorspronklike skepper sal nie bekend wees nie – gewoonlik onbekend
• Gee hulle oorspronklike funksie in die gemeenskap
(noem die gemeenskap/stam – bv. Zulu)
bv. om sorghumbier te stoor
- nek om te keer dat bier mors as dit gedra word
• Bepreek die sosiale konteks van die houers
bv. om bier met die gemeenskap te deel en met die voorvaders (amadlozi)
- Verduidelik die skakels & geloofstelsels wat betrokke is
• Bespreek die oorspronklike vervaardigingsmetodes wat in die verlede gebruik is
(LET WEL: kontemporêre praktyke word nie hier geëksamineer nie
bv. versameling van klei – suiweringsmetodes
– handdraaiwerk & byvoeg van amasumpa (glyvaste funksie)
- Poleer met klippie
- Putdroging met hout en aalwynblare
• Swart maak met houtsrook (verduidelik die skakel tussen swart en die amadlozi)
• Verseël met dierevet (doel?)

"n Soortgelyke riglyn kan vir die tweede dissipline van jou keuse gebruik word.

Egipte word beskou as vafkomstig uit Afrika eerder as Mediterreens in die meeste hedendaagse literatuur.

Eenvoudige herroep van 3 punte per dissipline – onbespreek; MAKLIK = 6
Ontleding en interpretasie van 5 punte per dissipline MIDDELMATIG = 10
Toepassing van ontwerpbeginsels op dissiplines UITDAGEND = 4

10 punte per dissipline & twee dissiplines = 20 PUNTE

VRAAG 2	
MAKLIK	15
MIDDELMATIG	17
UITDAGEND	8
TOTAAL:	**40**

VRAAG 3

Assesseringstandaarde:
- Ondersoek, dink na oor en interpreteer inligting van 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat die ontwikkeling van ontwerp, insluitende Afrika- en Suid-Afrikaanse ontwerp, in die verlede en tans vorm.
- Ontleed/Analiseer en interpreteer voorbeelde en bring dit in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekse.
- Verstaan en beskryf die materiale en prosesse wat deur gemeenskappe of individuele ontwerppraktisyne gebruik word.

3.1 MEMO: Daar sal baie voorbeelde van wêreldgebaseerde ontwerpers wees. Leerders sal die internasionale onwerper wat hulle nagevors het, identifiseer. Voorbeelde kan in *Design Culture Now* gevind word. (Sien Bronne Gr. 11 in LPG) Indien enige ander areas gedek is, is dit die verantwoordelikheid van die opvoeder om 'n stel van hierdie aantekeninge aan die nasiensentrum te besorg.

Ken 4 punte toe as MAKLIK, bv. naam; 'n paar voorbeelde van werk. MAKLIK (4)

3.2 In-diepte-bespreking en ontleding van die ontwerpers se oogmerk, metodes, materiale sal ander 8 punte opmaak MIDDELMATIG (8)

Slegs die name en 'n kort beskrywing word vereis. Dit is 'n baie gewilde neiging en daar is baie inligting beskikbaar in aantekeninge, tydskrifte en op die internet. UITDAGEND (3)

[15]

3.2 KONTEMPORÊRE ONTWERP – SUID-AFRIKAANS EN PAN-AFRIKAANS

3.2.1 Daar is verwys na Inheemse Kennisstelsels. Primitiewe kuns of tradisionele kuns het hierdie ontwerp geïnspireer. Invloed en inspirasie van motiewe verkry uit tradisionele pottebakkerswerk/keramiek en die maak van maskers moet bespreek word. MAKLIK (2)

3.2.2 Dit het 'n asimmetriese balans. Die lang figuur aan die een kant word deur 'n kort figuur gebalanseer. Die lang figuur dra 'n klein waterpot in teenstelling met die kort dame wat 'n langer pot dra. Balans kan ook in terme van tekstuur, vorm , ens. geïnterpreteer word.
Kan ook redeneer vir simmetriese balans met die klein masker as sentrale punt. MAKLIK (3)

3.2.3 Van die voorbeelde om te bespreek:
- Verteenwoordigende beelde
- Reël van derdes
- Figuur/grondverhouding
- Ooreenkomste
- Herhaling
- Baie ander

Verwys na *Universal Principles of Design*
(Sien Bronne Gr. 11 in LPG) MIDDELMATIG (6)

3.2.4 Leerders kan verduidelik WAAR (bv.) verteenwoordigende beelde in die gegewe ontwerp gevind word en WAAROM dit lei tot 'n ontwerp wat vir 'n ander mens aantreklik is.
Reël van derdes – vertikale skeiding – verduidelik
Ens. Hang af watter beginsels bespreek is.
UITDAGEND (4)
[15]

VRAAG 3	**3.1**	**3.2**	**Totaal**
MAKLIK	4	5	9
MIDDELMATIG	8	6	14
UITDAGEND	3	4	7
TOTAAL	**15**	**15**	**30**

VRAAG 4 – SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS EN VEILIGE PRAKTYK

4.1 Daar is soveel ontwerpdissiplines dat slegs twee bespreek sal word. Hierdie modelle moet op die dissiplines wat deur die skool onderrig is, toegepas word.

LU1 – Faktore wat 'n invloed het.
Toon 'n basiese kennis van verantwoordelike ontwerp deur menseregtekwessies dwarsdeur die proses in ag te neem, bv.:

- gesondheid- en veiligheidskwessies met spesifieke verwysing na MIV/Vigs;
- toegang en eksklusiwiteit: gebruik van materiale wat veilig en toeganklik is vir almal;
- omgewingsake;
- geslag en vooroordeel: gebruik materiale en prosesse wat vry is van stereotipering;
- etiek en intellektuele eiendom.

LU2 - Ontwerpproduksie

- Toon bewustheid van die onderskeie materiale en produksieprosesse verwant aan die dissipline(s) gekies.

LO2 – Veilige praktyk

- gebruik veilige praktyke te all tye mbt die gebruik van materiale en toerusting.
- verstaan die gesondheids- en omgewingsimplikasies verwant aan die gebruik van die materiaal.

LU3 – Ontwerp in 'n Sosiale/Omgewingskonteks
Dink krities na oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm.

LU3 – Ontwerp in 'n sakekonteks
Begryp die sake- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers

VOORBEELD 1: 'n Algemene, toeganklike voorbeeld soos keramiekgeteëlde panele.

Positiewe uitkomste (Voordele)
• verfraai die omgewing – binnenshuis en buitenshuis - MAKLIK
• moeilik om te steel – veilig in 'n opebare plek - MIDDELMATIG
• moeilik om te vandaliseer – maklik om skoon te maak - MIDDELMATIG
• kan 'n sosiale boodskap oordra, bv. MIV/Vigs ('n paneel by 'n taxistaanplek -MAKLIK
• kan 'n nywerheid bevorder, bv. toerisme ('n paneel by 'n lughawe) - UITDAGEND
• relatief goedkoop om te maak, plaaslike klei, gepoeierde oksides;
- ingekerfde versiering eerder as glasuur - MIDDELMATIG
• kan putgedroog word; het nie droogoond nodig nie; vir almal toeganklik – 'inklusiwiteit'
• eenvoudige gereedskap nodig; maklik om te onderrig; gesonde rekreasie; - MAKLIK
• entrepreneursmoontlikhede - MIDDELMATIG
• geen geslagstereotipering nie (geskik vir mans en vroue) - UITDAGEND
• ander?
Negatiewe aspekte (Nadele)
• uiterste hitte – gevaarlik - MAKLIK
• rook van putdroging besoedeling - MIDDELMATIG
• verbruik van brandstof – of hout; aalwynblare; olie; elektrisiteit uit steenkool; gebruik volle vrag wanneer oonddroging gedoen word - MIDDELMATIG
• gevaar van vuur van putdroging –maak area rondom skoon - MAKLIK
• toksiese vlamme – ventileer goed - UITDAGEND
• stof! – maak klam wanneer skoonmaak - MAKLIK
• glasuur kan gifstowwe bevat – gaan bestanddele na (geen lood) - UITDAGEND
• ander?
Ken 'n punt toe vir voordeel/nadeel.
Ken nog punt toe vir bespreking /oplossing.

4 punte sal maklik wees
10 punte sal middelmatig moeilik wees

[14]

OF

VOORBEELD 2: HOËTEG-CAD GRAFIESE ONTWERP

Positiewe Uitkomste (Voordele)
• gedrukte media bereik groot gehoor – bv. advertensie in tydskrif of verpakking
• vereis 'n etiese posisie deur die ontwerper – mag om goed te doen (sedes/waardes)
• kan 'n sosiale boodskap uitstuur –bv. MIV/Vigs-reklamebord
• kan 'n nywerheid bevorder – bv. toerisme (plakkate by lughawens)
• reklame en verpakking 'n fondasiesteen van verbruikerswese – 'n kapitalistiese model – argumente vir en teen goed & sleg
• bevorder DIT WAT MENSE WIL HÊ eerder as BEHOEFTES
▪ ander?

Negatiewe aspekte (Nadele)
• sommige reklame kan skadelik wees – bv. alkohol, tabak; - jou posisie?
• kan ingesteldheid beïnvloed – bv. teenoor wat beskou word as mooi – potensiaal vir kwaaddoen/skade
• rekenaars is duur – het spesiale aandag nodig – bespreek moet's en moenie's met hulle
• rekenaargegenereerde gesondheidsprobleme – bv. rugprobleme; nekprobleme; oogprobleme – bespreek strategieë om dit te vermy
• potensiaal vir plagiaat – bespreek die gebruik van voorraadfoto's; kopiëring vanaf die internet
• ander?

Ken 'n punt toe vir 'n voordeel/nadeel.
Ken nog 'n punt toe vir 'n bespreking /oplossing.

4 punte sal maklik wees
10 punte sal middelmatig moeilik wees [14]

4.1.3 'Kritiese oorweging' is 'n hoërordevaardigheid. Hierdie is 'n uitdagende vraag en dit vereis van die leerder dat hy/sy sy/haar ontwerpe met 'n groter wêreld moet in verband kan bring.
Punte vir:
- invloede – van en na
- kenmerke – motiveer waarom
- ontleding van eie werk dmv ontwerptaal UITDAGEND (6)

4.2 Toyota Vraag (10)

Assesseringstandaarde
• Oorweeg krities hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing sal vorm. • Demonstreer wyses waarop ontwerp tot voordeel van die gemeenskap gebruik kan word. • Begrip van die besigheid en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers.

- Rede vir die keuse van die ontwerp
- Sirkel = eenheid
- Blaar = groei
- Groen = herlewing/vernuwing
- Ander moontlike kleure kan genoem word
- Ander?
- Die veelsydigheid van die logo, bv. motorskyfiehouers; sleutelhouers; T-hemde; baniere; dagboeke; ander?
  Slegs 2 items bespreek om die maak van 'n lys te verhoed.
  Motiveer waarom – om omgewingsbewustheid en bewustheid van die maatskappy te verhoog.
- 'n Paar omgewingsake:
  - verantwoordelikheid van die maatskappy en sy werkers – om egte produkte te verkoop
  - wegdoen van afval – bv. gebruikte olie
  - eko-vriendelike ontwerp (prestasie) – loodvrye petrol
  - eko-vriendelike brandstofgebruik
  - kompetisies wat skole betrek – verhoog bewustheid
  - borg voedsel & volhoubare tuine
  - ander ?

MAKLIK (3)
MIDDELMATIG (5)
UITDAGEND (2)

[10]

VRAAG 4	4.1	4.2	Totaal
MAKLIK	4	3	7
MIDDELMATIG	10	5	15
UITDAGEND	6	2	8
TOTAAL	**20**	**10**	**30**

VRAAG 5: BESIGHEIDSKONTEKS

ASSESSERINGSTANDAARDE
- Bespreek die basiese mbt kosteberekening en prysbepaling in die bemarking van 'n ontwerpproduk of –diens.
- Demonstreer 'n vermoë om produkte en dienste te ontwerp itv teikenmarkte.
- Begryp die sake- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers.

5.1 Leerders moet hulle posisie noem wat dan gevolg word deur 'n goed beredeneerde argument van hul keuse. Antwoorde moet die kwessie van etiek betrokke by die transformering van 'n tradisionele handwerkstuk ('craft') insluit. Die positiewes sluit in die verandering van tradisionele handwerk om 'n meer bemarkbare produk te skep, daarom meer inkomste. Die gebruik van masjiene beteken dat die eindresultaat meer effektief sal wees wat winsmarges sal opstoot. Die negatiewe is dat die intrinsieke karakter, bv. die handgemaakte naïwiteit, verlore kan gaan. MAKLIK (4)

5.2 Leerders moet hulle posisie noem mbt die impak wat die ontwerp op hulle gehad het, dmv ontwerptaal. Hierdie ontwerpe sal die ekonomie ophef, kleinsakeondernemings skep en gemeenskappe bemagtig om hulle tradisies vol te hou. MAKLIK (2)

5.3 Kopers moet die 'Proudly South African'-produkte ondersteun wat weer nasionale trots en ons ekonomie sal ontwikkel. Ontwerpe moet bemarkbaar wees. Daar moet verhoogde beskikbaarheid van hierdie ontwerpe wees en die ontwerpe moet beter pryse hê. MAKLIK (2)

5.4
- Goeie interpersoonlike kommunikasie word verwag.
- Bemarking moet professioneel wees.
- Noukeurige benadering in die hantering van afsprake met kliënte.
- Openbare verhoudinge – neem kliënte na fabrieke om ontwerpproses te verduidelik.
- Maak ontwerp en die –proses bekend om belangstelling te skep.

MIDDELMATIG (4)

5.5 Aanbiedingsvaardighede (verkoopspraatjies) is deurslaggewend om werk in enige veld te bekom. Jy sal hoogs professioneel moet wees in die aanbieding van verkoopspraatjies waarin die volgende gebruik kan word:
- Professionele gevoel (voorkoms van beide self en portefeuljes)
- Unieke en uitvoerige handleiding of rekenaargegenereerde aanbieding
- Professionele aanbieding of prototipe (voorbeeld/model)
- Algehele indruk
- Internet-koop – internasionaal en nasionaal
- Webwerf wat maklik deur kliënte bereik/gebruik kan word.
- Ander? MIDDELMATIG

(6)

5.6 'n Wye reaksie word verwag. Kommunikasie tussen ontwerper en die koper sal onderhandeling oor die prys tussen die ontwerper en koper tot gevolg hê. Ontwerpers moet 'n sosiale gewete hê en nie werkers uitbuit nie. 'n Persentasie van die wins kan gebruik word vir ekologiese opheffing, kinderfondse, wêreldwaarskuwings, ens. MIDDELMATIG (6)

5.7 'n Logo is 'n universele (sake- of instituut) iidentiteitsbeeld wat maklik herkenbaar is vir almal en wat eie aan die inrigting, ens. is. Dit lig die persoon in oor wat om te verwag, ens. bv. Mercedes verteenwoordig goeie gehalte en is duur. In vergelyking is Toyota goedkoper maar steeds goeie gehalte.
'n Logo moet die volgende eienskappe hê:

- Kenmerkend
- Toepaslik vir die kliënt, d.i. geskiktheid
- 'n Positiewe beeld aan die kliënt projekteer, bv. 'n logo gebruik vir 'n skool moenie ontstellende (ontoepaslike) beelde insluit nie.
- Onderskei tussen die maatskappy en produktediens
- Onderskei tussen die maatskappy en soortgelyke maatskappye
- Druk die kliënt se persoonlikheid uit
- Is wetlik beskerm
- Reproduseer goed in verskillende groottes
- Het 'n blywende aantrekkingskrag
- Pas die kliënt se begroting
- Indien tipografies, moet enige grootte maklik lees
- Indien simbolies, moet maklik deur enigiemand geïnterpreteer kan word
- Die logo moet in swart en wit en in kleur werk

UITDAGEND (6)

[30]

VRAAG 5	Totaal
MAKLIK	8
MIDDELMATIG	12
UITDAGEND	10
TOTAAL	**30**

VRAAG 1	
MAKLIK	6
MIDDELMATIG	10
UITDAGEND	4
TOTAAL	**20**

VRAAG 2	
MAKLIK	15
MIDDELMATIG	17
UITDAGEND	8
TOTAAL:	**40**

VRAAG 3	3.1	3.2	Totaal
MAKLIK	4	5	9
MIDDELMATIG	8	6	14
UITDAGEND	3	4	7
TOTAAL	**15**	**15**	**30**

VRAAG 4	4.1	4.2	Totaal
MAKLIK	4	3	7
MIDDELMATIG	10	5	15
UITDAGEND	6	2	8
TOTAAL	**20**	**10**	**30**

VRAAG 5	Totaal
MAKLIK	8
MIDDELMATIG	12
UITDAGEND	10
TOTAAL	**30**

ONTLEDING

VRAAG	1	2	3	4	5	TOTAL	
MAKLIK	6	15	9	7	8	**45**	**30%**
MIDDELMATIG	10	17	14	15	12	**68**	**45%**
UITDAGEND	4	8	7	8	10	**37**	**25%**
TOTAAL	**20**	**40**	**30**	**30**	**30**	**150**	

Kopiereg voorbehou